Watter prys is jy bereid om te betaal?

Fanie (Steven) Loots – Bibles for Believers en Harvesters International Ministries, Augustus 2007

Wanneer hulle gevra word om iets moeiliks of selfs gevaarliks te doen, verwag die meeste mense om betaal te word. Vir ’n goeie saak sal iemand soms vrywillig diens aanbied – mits dit hom/haar nie iets kos nie. Min is bereid om te betaal om iets vir ander te doen, veral as die prys hoog is of as dit fisieke ongemak behels.

Om by God se werk betrokke te raak kan van tyd tot tyd moeilik en selfs gevaarlik wees. Dit vra soms ’n prys wat min bereid is om te betaal. Of jy tot voltydse diens geroep word of bloot om op ’n korttermyn-sendingreis te gaan, jy kan seker wees dat daar ’n prys aan verbonde is. Dit kan wissel van die toets van jou geloof tot die vlak van jou gehoorsaamheid om jou tyd, talente en rykdom opofferend te gee. Om God se wil te doen sal iets van jou vra.

Die afgelope paar maande het Harvesters International Ministries verskeie spanne op KTS- (korttermynsending-) reise ontvang. Op een van hierdie reise, na Mazabuka in Zambië, het ’n spanlid ’n trombose ontwikkel net voor sy vertrek na die VSA. Hy en sy vrou moes agterbly terwyl hul spanmaats huis toe gevlieg het. In ’n vreemde land, in ’n vreemde hospitaal moes hulle nie net die fisieke probleem hanteer nie, maar ook vrae en bekommernisse trotseer van hul familie by die huis wat hul oordeel om na Afrika toe te kom ernstig bevraagteken het. Hul familie was met reg bekommerd en ek is seker dat hierdie egpaar aangeraai sal word om nie terug te keer nie. Hul bereidheid om God te dien het ’n hoë prys gehad.

Ons volgende span het uit 22 onverskrokke inwoners van Michigan en Indiana bestaan. Hulle het Afrika toe gekom om by HIM se uitreik na die Makua-mense van noordelike Mosambiek aan te sluit. Hul tuiskerke het HIM se kerkstigtingspogings onder hierdie oorwegend Moslem-groep (94% Moslems) geborg. Die werk onder die Makua het wonderlike vrugte opgelewer met meer as 400 kerke wat in net 2 jaar gestig is. Die span het gekom met die bedoeling om met 12 van die pas gestigte kerke te werk – om die plaaslike gelowiges op ’n daaglikse basis in evangelisasie te onderrig en te mentor.

Al die spanlede was gereed om te gaan! Hulle het maande aan voorbereiding bestee – vakansietyd beplan, gespaar en die nodige fondse ingesamel, reëlings getref vir hul gesinne by die huis, al die dokumente reggekry en hulself geestelik voorberei. Verskeie vlugte en honderde myle op die pad het voorgelê. Suid-Afrikaanse spanne wat vroeër vertrek het om die kamp in te rig, die plaaslike kerke voor te berei en die nodige logistieke ondersteuning en vervoer sou verskaf, het vir hulle gewag. Twaalf kerke het ook angstig op hul aankoms gewag.

En toe – lugvaartchaos! Slegte weer, stukkende vliegtuie, verpaste vlugte, verlore bagasie en administratiewe nagmerries vanweë onbelangstellende lugdiensbeamptes – en hulle het nog nie eens die VSA verlaat nie. Die span het uiteindelik oor ’n tydperk van drie dae op verskillende vlugte in Johannesburg gearriveer – sonder hul bagasie – net om te ontdek dat daar geen onmiddellike verbindingsvlugte Pemba toe is nie. Uiteindelik het hulle die Dinsdagaand, byna ’n week nadat hulle by die huis weg is, by die kampterrein in Montepuez, Mosambiek aangekom. Dae laat, moeg en gefrustreerd. Die wagtende kerke was ook teleurgesteld.

Maar God! Ten spyte van die verlies van kosbare tyd, die ongerief (vir diegene wie se bagasie nooit opgedaag het nie) en sterk teenkanting van hoofde en godsdienstige leiers het God verstommende dinge gedoen. Verskeie kere tydens die gedwonge oorbly in Suid-Afrika het ek dit oorweeg om die reis af te stel – dit het na te veel moeite vir te min tyd in die veld gelyk. Wat ’n verskil gemaak het, was die ongelooflike welwillendheid wat elke spanlid openbaar het. Ten spyte hiervan het ek gewonder of dit die moeite werd is. Maar God! Die span was bereid om die prys te betaal en God was bereid om hul werk te seën. In net vyf dae van werk het byna 2 000 Moslems hulle na Christus gewend en verskeie nuwe kerke is gestig. Baie Christene is in evangelisasie opgelei en gementor en die getuienis van Jesus het deur die streek weerklink.

Die uitgeputte groep het jubelend huis toe vertrek, net om hulle vas te loop in – reg geraai – lugvaartchaos!

Ek is seker dat baie wat hier lees op KTS-reise of ander sendingverwante aktiwiteite veel erger moes deurmaak. Baie wat in die sendingveld gedien het, kan gruwelverhale oor hul ervarings vertel. 'n Hele paar het 'n duur prys betaal en sommiges selfs die hoogste prys – hul eie lewe of dié van geliefdes – in diens van die Koning.

Die feit bly staan dat daar 'n prys aan verbonde is om God te dien. Verder is dit altyd die moeite werd, ongeag hoe hoog die prys.

Nabetragting oor hierdie probleme wat ons spanne ondervind het en voortdurende gebed vir hulle het my laat wonder hoe ons (HIM) dinge makliker kon gemaak het, anders kon beplan het of stappe kon gedoen het om die ongerief te voorkom. Terselfdertyd was ek ook besig om die boek Handelinge deur te werk. Namate die lewe van die apostel Paulus vir my 'n werklikheid geword het, het die Here 'n paar van die dinge uitgelig wat Paulus moes verduur en die hoë prys wat sy gehoorsaamheid meegebring het.

Op sy sendingreise is Paulus deur die kerk wantrou (9:26), deur die Griekse Jode gehaat – wat hom toe probeer vermoor het (9:29). Hy is teëgestaan, beledig (13:45), vervolg (13:49), daar is teen hom saamgesweer (14:5), hy is gestenig, uit die stad gesleep en vir dood agtergelaat (14:19), deur sy vriende verlaat (15:38), voor die owerhede gedaag (16:19), kaal uitgetrek, geslaan (16:22). Paulus is in die tronk gegooi en vasgeboei (16:26), daar was 'n betoging teen hom (17:5) en hy moes verskeie kere vir sy lewe vlug. Daar is in die hof oor hom gelieg (18:13). Gedurende hierdie tyd het Paulus hard met sy hande gewerk om in sy behoeftes te voorsien (20:34). Hy het gekies om God se wil te doen selfs toe al sy vriende en die kerk se leierskap van hom verskil het (21:4, 13-14) en al het hy geweet dat sy gehoorsaamheid aan God uiteindelik swaarkry en selfs die dood sou beteken (20:23).

In Jerusalem is hy gegryp, uit die tempel gesleep en sy eie mense het hom probeer doodmaak (21:31). Paul is gearresteer en voor die godsdienstige leiers gebring (22:27). Hy het voor die goewerneur verskyn en toe voor die koning terwyl hy twee jaar in die tronk was (24:27). Uiteindelik is Paulus Rome toe gestuur. Nadat hy vrygelaat is en later weer gearresteer is, is hy onthoof.

Paulus se reise was meestal te voet en soms per skip. Sy reis na Rome was uiters rampspoedig. Die stadige reis het minstens sewe maande geduur. Onderweg het die skip in 'n storm beland en dit is vir twee weke deur die wind rondgeslinger. Gedurende hierdie tyd het die passasiers vir hul lewe gevrees, glad nie geëet nie en uiteindelik alles moontlik oorboord gegooi, ook die skip se toerusting en laastens die kos. Die skip het uiteindelik gestrand en almal moes swem vir hul lewe. Om alles te kroon is Paulus deur 'n slang gepik. Jou tipiese sendingreis?

Miskien kom dit as 'n verrassing vir gelowiges wanneer hulle ontdek dat God minder belang stel in hul persoonlike gerief as in hul gewilligheid en gehoorsaamheid – en dat Hy dikwels ons gewilligheid en gehoorsaamheid toets deur ernstige fisieke ongemak toe te laat. Jesus het immers beloof om by ons te wees, Hy het nie beloof dat die pad maklik sal wees nie. Die prys wat ons betaal, verskil van persoon tot persoon, maar dit sal nooit meer wees as die prys wat Jesus betaal het om ons syne te maak nie.

Ons leef in wonderlike tye met groot geleenthede vir diens. Die feit dat ons "*korttermyn*"-sendingreise kan onderneem, is op sigself 'n wonderwerk. Moderne vervoer het sending binne die bereik van die meeste Christene geplaas – ten spyte van die gevare (avonture?). Dink net hoe dit was toe sendelinge hul tasse gepak het om na Afrika te vertrek sonder die verwagting om weer lewendig tuis te kom. Vandag kan ons soveel meer doen, in minder tyd en teen 'n bekostigbare prys. Wanneer ons dink aan die groot getalle mense wat elke jaar op KTS-reise gaan, moet ons tot die slotsom kom dat dit meestal veilig, gewoonlik gerieflik en redelik goedkoop is. Die prys is nie te hoog nie. Toevallige ongerief, wagtyd, verlore tyd, ongereelde teëspoed, ongelukke en die uitsonderlike ernstige besering of lewensverlies dui aan dat sending nie 'n groot prys van ons vra nie.

Hoewel daar baie gevaarlike plekke vir Christene op aarde is, is daar by die meeste KTS-reisbestemmings min aktiewe weerstand teen die evangelie of die prediking daarvan – dit is onwaarskynlik dat korttermynreisigers 'n oproer sal veroorsaak of geslaan, gearresteer of doodgemaak sal word. Maar dit beteken nie dat daar geen prys te betaal is nie of dat God nie van jou sal vra om selfs hierdie uiterstes te ondervind nie.

Wat verstommend is, is die verskil tussen moderne Christene en die vroeë kerk in hul houding teenoor ongemak, pyn en selfs lyding. Ons het ’n afkeer van alle onaangename, pynlike, gevaarlike en selfs dodelike dinge. Die vroeë kerk het hierdie dinge as wenslik beskou wanneer hulle vir die Here gely is – ’n eer en ’n voorreg. Die reaksie van die dissipels op geseling en openbare vernedering: “Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly.” (Handelinge 5:41) Vandag beskou ons ’n getuienis van hoe medegelowiges lyding gespaar is as die werk van God en kyk skepties na ’n terugkerende sendeling wat geslaan, gearresteer en tronk toe gestuur is – ons wonder wat hy verkeerd gedoen het om God se oordeel, straf of gebrek aan beskerming te verdien.

Die vraag is dus: Beskou ons lyding ter wille van die saak van ons Here nog steeds as iets wat die moeite werd is of as ’n prys wat te hoog is? Deur gemak te soek het ons die wesenlike waarde verloor van persoonlike opoffering in ons diens aan die Een wat ons alles werd is. Is my persoonlike gerief belangriker as verlore siele? Wie is die belangrike een hier – ek of Christus, en wie dien vir wie? Is God my persoonlike lampgees wat verskyn wanneer dit my pas om in al my behoeftes te voorsien en my gerief te alle tye te verseker?

Miskien moet ons Christus weer Here en Koning maak. Ons posisie as diensknegte en slawe herbevestig, bereid om Hom te dien – wanneer en waar dit Hom pas. Bereid om te verduur, bereid om te ly en bereid om selfs te sterf. Op stuk van sake gaan alles oor Hom. Sy Naam, sy eer en sy verheerliking.